

DR. VERWOERD:

SO ONTHOU EK HOM

Deur Prof. H.B. Thom,
Rektor, Universiteit van Stellenbosch

Hoe onthou ek dr. Verwoerd? - 'n Menigte van herinneringe en indrukke flits deur my gedagtes. Dis moeilik om 'n bevredigende antwoord te gee: daar is so veel wat 'n mens wil sê, so 'n rykdom, so 'n verskeidenheid, dat 'n mens gevaar loop om in die bestek van 'n enkele bydrae glad nie aan die nagedagtenis van 'n groot, merkwaardige gees reg te laat geskied nie.

Laat ek vroeg begin, in 1924 toe ek as jong eerstejaarstudent pas aan die Universiteit van Stellenbosch gearriveer het. Die eerste studentemonstervergadering van die jaar vind plaas. Daar dien 'n mosie: dat die Senaat gevra word om mondelinge eksamens gouer te laat afhandel, sodat studente aan die einde van die jaar vroeër kan huis toe gaan. Die voorsteller kry dawerende applous; luide, welsprekende ondersteuning kom van alle kante; daar is geen twyfel oor nie, die voorstel sal met 'n geweldige meerderheid - miskien selfs eenparig - aangeneem word.

Die voorsitter, 'n lang skraal student met donkerblou pak, dwarsdassie en netjiese vlerkies-hardeboordjie, het lank stilgebly, ofskoon hy sigbaar ontevrede was. Toe die toestand na sy mening hegin hand-uitruk, en die onkritiese gehoor dreig om onder die invloed van emosionele leiers 'n onverantwoordelike besluit te neem, het hy ingegryp. Hy vra die vise-voorsitter om die stoel in te neem. Met ondubbelsinnige, wel-gekoose woorde, waaruit 'n onwrikbare oortuiging straal, trek hy teen die mosie te velde. Weliswaar ontmoet hy luidrugtige teenstand en is daar ook voortdurende, krasse tussenwerpsels, maar hy hou vol en bou met helder logika die een argument op die ander.

Stadigaan word die tussenwerpsels minder; meer en meer begin die aanwesiges weer vir hulleself ^{te} dink; verstand en rede kry die oorhand, en die spreker kry selfs hier en daar 'n bietjie skugtere toejuiging. Nog steeds het hy volgehou, oortuig, helder, onverbiddelik. Eindelik was daar geen tussenwerpsels meer nie, die applous het vrymoediger geword, en toe die spreker gaan sit, was dit duidelik dat hy die gehoor aan sy kant gehad het. By die stemming is dit bevestig, want die oorspronklike mosie is met 'n ooreweldigende meerderheid verwerp.

Die jong voorsitter was Hendrik Verwoerd. Dit was my eerste kennismaking met hom. Hy het nie teruggedeins om vir wat hy as reg en verstandig beskou het, man-alleen teen die massa te staan nie. Waarlik, 'n mens kon dit toe al weet: 'n jong student van hierdie stoffasie was voorbestem om 'n groot man van Suid-Afrika te word.

Die jare het verby gegaan. Hy het verder gaan studeer, hy het lektor, geword, en later professor, een van die jongste professore wat Stellenbosch ooit aangestel het: hy was toe nog nie agt-en-twintig jaar oud nie.

Dit was my voorreg om met hom as lektor en professor baie nou saam te werk. Nog nooit het ek 'n universiteitsdosent teengekom wat hom vir sy lesings en klas-besprekings so goed voorberei het soos die jong dr. Verwoerd nie. Hy het baie selde van nota's gebruik gemaak, en tog was hy duidelik en saaklik, en het hy nooit onnodiglik herhaal nie. Sy oud-studente kan een en almal getuig dat hy hulle van begin tot end geboei het, en dat sy klasse vir hulle loutere genot was.

Soos hy in sy doseerwerk 'n groot krag was, net so was hy ook in sy amptelike werk buite sy klaskamer vir die Universiteit 'n krag en bate. In verskeie komitees het hy 'n prominente aandeel gehad, dog dit was veral in liggame soos die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte en die Senaat dat hy 'n betekenisvolle bydrae gelewer het. Ofskoon 'tal van besonderhede van sy werk vermeld sou kon word, volstaan ek met één belangrike feit, nl. dat dit hy was wat op Stellenbosch die eerste leerstoel in Sosiologie en Maatskaplike Werk beklee het. Op die grondslag wat hy gelê het, is daar op Stellenbosch voortgewerk en is daar later grotendeels ook aan verskeie ander Suid-Afrikaanse universiteite gewerk. Die geesdrif en toewyding waarmee hy die nuwe rigting aangepak het, het aansteeklik geword en sy Departement het vir almal tot kragtige spoorslag gedien.

Dit hoef 'n mens nie te verwonder nie dat die jong professor, wie se aandag op sosiologiese en maatskaplike vraagstukke toegespits was, hom die lot van sy medemens terdeë aangetrek het. In die klaskamer, in die Fakulteit en die Senaat, oor 'n gesellige koppie koffie, en selfs op die tennisbaan het hy maar telkens weer oor die lotgevalle van minderbevoorregtes gepraat. Dit is ook seker nie vreemd nie dat dit in hierdie verband veral sy minderbevoorregte mede-Afrikaners was wat sy aandag opgeëis het: daar was amper drie-honderd-duisend van hulle, die sg. armblikes, baie van wie in ellende vergaan het. Dit was dringend noodsaaklik/^{dat}iets groots gedoen word, en veral moes die kinders vir ons volk gered word.

Dat daar in die jare 1932-1934 dwarsdeur ons land 'n vuur aan die brand gesteek is, moet in hoë mate aan dr. Verwoerd se ywer toegeskryf word. Hy het aktief aan die werk gespring om die groot kongres te help organiseer wat in 1934 in Kimberley plaasgevind het, en wat op ernstige, diepgaande, wetenskaplike wyse aan die armblike-vraagstuk aandag bestee het, om aldus die weg te baan vir stappe wat later van die allergrootste waarde vir die oplossing van hierdie kwellende vraagstuk sou blyk. Dr. Verwoerd, ofskoon toe nog maar 'n jong man van 32 jaar, het reeds sy waarde getoon nie net vir

Stellenbosch nie, maar vir die hele Suid-Afrika. Toe ons hom en mev. Verwoerd aan die einde van 1936 op Stellenbosch 'n afskeidsdinee aanbied, voordat hy vertrek het om hoofredakteur van die pas gestigte nasionale koerant Die Transvaler te word, het sy vriend, wyle prof. Johannes Basson, 'n treffende boodskap afgesluit met die woorde: "Hendrik Verwoerd sal nog die grootste Afrikanerleier word wat vanuit die Suide na die Noorde gegaan het". - Dit was profetiese woorde hierdie, treffend en merkwaardig vir iedereen wat daarvan hoor, maar des te treffender en merkwaardiger vir ons wat daardie aand, dertig jaar gelede, van dr. Verwoerd afskeid geneem het en, in voortdurende voeling met hom, dié woorde stap vir stap sien bewaarheid het.

In die loop van jare van harde stryd het dr. Verwoerd stewige opgang in die politiek gemaak, ongetwyfeld geen geringe prestasie nie, veral vir die oud-professor, wat seker ook maar, aanvanklik ten minste, by baie die prooi was van die populêre gelofie, nl. dat 'n man uit die professore-broederskap veel meer deur vergeetagtigheid as praktiese sin gekenmerk word! Hy was 'n suksesvolle hoofredakteur; hy het senator, minister, volksraadslid geword.

In 1959 wou sy ou universiteit hom met 'n ere-doktorsgraad bekroon, maar ek het in hierdie verband my hande weldra baie vol gehad. Hy het die grootste waardering getoon vir die voorneme van die Raad en die Senaat van die Universiteit, en hy het die inhoud en betekenis van die voorgenome eerbewys ten volle begryp. Maar kon hy dit aanneem? Sou dit nie te veel na persoonlike ophemeling lyk nie? En ook: Hy was in die middel van die aktiewe politiek, en was dit wenslik dat iemand wat die grootste strydvrage van die dag hanteer en beslissings daarvoor moet neem, 'n eregraad van 'n universiteit aanvaar? Sou dit nie miskien ook die universiteit in skerpe meningsverskille intrek nie? Ten slotte: Ook ander universiteite kon later met dergelike voorstelle kom, en as hy 'n eregraad van één universiteit aanvaar het - al was dit ook sy Alma Mater - kon hy dan ander universiteite afwys?

Ek het my bes gedoen om sy bedenkinge uit die weg te ruim, maar dit was nie maklik nie. Na die eerste, uitvoerige gesprek is ek onverrigtersake weg. Daarna het ek weer lank met hom in sy kantoor by die Volksraad gesels, maar nog steeds het hy nie duidelikheid gehad nie. Daarop het 'n lang gesprek oor die telefoon gevolg. Fred Barnard het my meegedeel dat die Eerste Minister in die Senaat was. Ek bytvas - "brinkmanship" soos die Amerikaners sal sê - en vra of hy hom nie na die telefoon kan laat roep nie. Tot my grootste verbasing het dr. Verwoerd gekom, 'n gebaar wat ek ten seerste gewaardeer het en wat ek nooit sal vergeet nie.

Ek kon dadelik sien dat veral twee dinge hom nog steeds hinder: dit sal te veel na persoonlike verheerliking klink; en ander universiteite mag ook kom. My antwoord het ek so duidelik as moontlik weer aan hom gegee. Dit was geensins 'n geval van 'n beloning nie, iets wat vanuit homself gekom het nie, iets wat hyself ooit verwag of gesoek het nie; dit was 'n geval van 'n bekroning, iets wat van buite af gekom het, van mense wat die behoefte gevoel het om waardering vir sy werk te betuig. En hoe kon hy hulle nou hierdie reg ontsê? Wat ander universiteite betref, het ek geen probleem gesien nie: elke geval sou eenvoudig op meriete oorweeg moes word, maar buitendien, dit sou tog slegs goedgesinde universiteite wees wat met sulke voorstelle kom, seker by name Afrikaanse universiteite, en waarom sou voorstelle van hulle kant nie ook gunstig oorweeg word nie?

Oor die telefoon het dr. Verwoerd my eindelijk sy beslissing gegee: "Nou goed. Ons het die saak nou deeglik uitgepluis. Ek gaan akkoord. Ek stel julle aanbod hoog op prys, en sal die ere-graad van Stellenbosch met vreugde aanvaar"..... Dit was 'n besieling om hom die dag in die volgepakte stadsaal die ere-graad te sien ontvang, en om hom daarna, onder vriende en ander bewonderaars, by die dinee te hoor praat. Ek dink nog altyd Stellenbosch het vir ander universiteite, wat later uit erkentelikheid ook ere-grade aan hom toegeken het, 'n groot diens bewys, want dit was ons wat vir hulle die klippe uit die pad gerol het.

By twee ander geleenthede het ek min of meer dieselfde ondervinding met dr. Verwoerd gehad. Die een was die vernoeming van 'n gebou op Stellenbosch na hom, en die ander die toewysing van die Hendrik Verwoerd-Toekenning aan hom.

Ter erkenning van sy werk op Stellenbosch en van sy betekenis vir Suid-Afrika in die algemeen, het die Universiteitsraad besluit om die Gebou vir Sosiale Wetenskappe, d.i. die gebou waarin o.a. sy ou departement (Maatskaplike Werk) gehuisves word, die H.F. Verwoerd-Gebou te noem. Die Universiteitsraad het ook besluit om 'n paslike funksie te reël, waarop die vernoeming sou plaasvind, en om dr. Verwoerd uit te nooi om, saam met mev. Verwoerd, aanwesig te wees en die studente toe te spreek. Van die persoonlike huldinging het hy ook in hierdie geval niks gehou nie, en dit was uiteindelik net die oorweging dat die vernoeming na hom baie kon beteken in die lewens van duisende jongmense, wat die gebou in hulle midde het en sou besef dat hy as student, net soos hulle, sy lief en leed ^{op Stellenbosch} hier deurgemaak het.

Oor die Hendrik Verwoerd-Toekenning moet 'n bietjie meer gesê word. Na die eerste aanslag op dr. Verwoerd se lewe (9 April 1960) was daar 'n diep-gevoelde behoefte om iets tot stand te bring wat sou getuig van die volk se diepe dankbaarheid vir sy Godgegewe herstel. Vanselfsprekend is gevoel dat iets moois en besielends met sy naam verbind moes word. Aller-

hande moontlikhede is oorweeg, en daar is ook op diskrete wyse met hom oorleg gepleeg. Weer wou hy niks hê wat net persoonlike verering sou wees nie, maar as dit iets was wat vir Suid-Afrika betekenis sou hê en ons land se aansien ook op gesonde wyse in die oë van die buiteland kon verhoog, sou hy bereid wees om dit te oorweeg. Daar is lank gewik en geweeg, en eindelik is besluit om 'n ere-toekenning in die lewe te roep, die Hendrik Verwoerd-Toekenning, wat ons hoogste Suid-Afrikaanse eerbewys sou wees en aan Suid-Afrikaners toegeken^{sou}/kon word wat buitengewone diens van nasionale betekenis gelewer het. Verskeie vriende en belangstellendes het in verband hiermee hulle samewerking gegee, o.a. prof. Chris de Jager, wat miskien meer as enig iemand anders gedoen het om hierdie toekenning werklikheid te maak, en om dr. Verwoerd se steun vir die gedagte te wen.

By die stigtingsvergadering van die Hendrik Verwoerd-Trust, wat die beheer oor die toekenning sou hê, het dr. Verwoerd op 15 Oktober 1960 in Pretoria, ten aanhore van die Administrateurs en die ander Trustees, op kragtige wyse 'n paar punte baie duidelik gestel: dat die instelling van die Hendrik Verwoerd-Toekenning geen verering vir hom persoonlik moet inhou nie; dat, aangesien Suid-Afrika 'n behoefte het aan werklik hoogstaande onderskeidings (en hy het in hierdie verband na die Nobel-prys verwys), hy vertrou dat die instelling van die toekenning, wat sy naam sal dra, ten dele ten minste in hierdie behoefte sal voorsien; dat die toekenning vir ons land en ons mense die waarde van diens van nasionale betekenis op onuitwisbare wyse sal tuisbring; en dat die voorbeeld van manne of vroue, aan wie die toekenning gemaak word, ander sal besiel sodat die hoogste belange van Suid-Afrika op ruime en vrugbare wyse gedien sal word. Daarna het hy, met sy kenmerkende vriendelike glimlag, elkeen van die Trustees gegroet en ons verlaat, terwyl ons met ons beraadslaginge voortgegaan het.

Toe die Trustees met verloop van tyd by die oorweging van kandidate vir die toekenning kom, het ons veral op twee terreine aan manne gedink, t.w. die staatkundige en die ekonomiese terrein, want dit was veral op dié terreine dat daar werklik groot dienste gelewer was. Suid-Afrika het enkele jare tevore 'n republiek geword; dit was, sedert die Vrede van Vereeniging, die gewigtigste gebeurtenis van ons geskiedenis, en dit was in hoë mate die resultaat van die werk van dr. Verwoerd. Die ekonomiese terrein het ook wel sterk onder die aandag gebly, maar dit is seker nie vreemd nie dat daar van ons Trustees was wat baie sterk gevoel het dat die eerste Hendrik Verwoerd-Toekenning aan dr. Verwoerd self gemaak moes word. Maar daar moes met omsigtigheid te werk gegaan word.

Dit is aan ons Voorsitter, wyle oom Fox Odendaal, en my as onder-voorsitter opgedra om dr. Verwoerd te pols. Ons het dit opsetlik onafhanklik van mekaar gedoen, dog nie sonder om mekaar behoorlik op die hoogte te hou nie. Dr. Verwoerd het aan ons egter dieselfde antwoord gegee: Hy wil glad nie in aanmerking geneem word nie, want daar sou binne afsienbare tyd 'n ver-

kiesing wees, en hy wil nie hê dat kwaadwilliges moet sê dat die Hendrik Verwoerd-Toekenning vir politieke doeleindes gebruik word nie. Buitendien, dit sou s.i. verkeerd wees as die eerste toekenning van 'n eerbewys, wat met sy naam gekoppel is, aan hom gemaak word. Sy standpunt was so duidelik en so ferm, dat ons gevoel het dat dit nie help om verder te praat nie. So kom dit dat die Trustees vervolgens besluit het om die eerste toekenning te maak aan ons bekende veteraan-ekonoom, dr. M.S. Louw, wat in die loop van baie jare op die ekonomiese terrein vir die hele Suid-Afrika dienste van onskatbare waarde gelewer het; ek mag byvoeg dat dr. Verwoerd hierdie besluit van harte verwelkom het.

Enige tyd daarna het die verkiesing gevolg, en dr. Verwoerd het met 'n versterkte volksraatsmeerderheid uit die stryd getree. Ook het die voorbereidinge vir die eerste groot vyfjaarlikse republiekfees begin; ons republiekwording, en dankbaarheid daarvoor, was op die lippe van duisende. Die Trustees het hulle tweede toekenning oorweeg, en begryplikerwyse was daar vir hulle nou net één man. Maar die vraag was: Sou dr. Verwoerd hom dit nou laat welgeval? Oom Fox en ek moes weer gaan praat, maar ons eersvolgende samespreking met hom - weer eens apart soos vroeër - het ons nie veel hoop gegee nie. Ons het egter maar weer gegaan, en prof. Chris de Jager het ook kom hand bysit. Dr. Verwoerd moet weet, só het ons dit vir hom gestel, dat dit die besliste, eenparige begeerte van die Trustees is dat die tweede toekenning aan hom gemaak moet word. Ons het ook by hom geen twyfel gelaat nie dat sy aanvaarding, juis by geleentheid van ons republiekfees, op treffende wyse die betekenis van sy werk by die volk sou tuisbring, en dat aldus 'n gesonde republikeinse gevoel in ons hele land kragdadiglik gevoed sal word. Ons het ook die oortuiging uitgespreek dat sy aanvaarding van die toekenning deur die hele volk met toejuiging begroet sal word.

Dr. Verwoerd het ten slotte gevoel dat daar nou veel meer as sy persoon op die spel was, en dat hy veral ook aan die republikeinse gevoel van sy volk moes dink. Hy het eindelijk toegestem, maar dan op besliste voorwaardes. Hy sou die goue medaljes aanvaar, die groot swaar medalje wat die hoofsaak ^{is,} ~~was,~~ en die kleiner een, wat by sekere geleenthede gedra ^{kan} ~~kan~~ word, maar hy wou geen geldelike voordeel hoegenaamd uit die toekenning trek nie. Die bedrag van R10,000, wat met die toekenning gepaard gaan, wou hy nie aanvaar nie: die Trustees moes dit in bewaring te hou, en hy het ~~versoek,~~ gedagtig aan die hulp wat hy by sy wonderbaarlike herstel van die geneeskundige wetenskap ontvang het, dat die geld gebruik moes word om 'n nagraadse beurs in die Geneeskunde in die lewe te roep.

Só het dit dan ook verloop: dr. Verwoerd het die toekenning aanvaar, en vir my - wat oom Fox ná sy dood as voorsitter van die Trustees opgevolg het - was dit 'n eer en voorreg om die aand van 30 Mei 1966 by die toekenning

in Pretoria te verklaar: "Dit geskied ter erkenning van dr. Verwoerd se buitengewone diens van nasionale betekenis, maar insonderheid vir die verwesenliking deur hom van die Republiek van Suid-Afrika". Die geld van die toekenning is, ooreenkomstig sy versoek, gebruik nie vir homself nie, maar vir die welsyn van sy medemens. By die Trustees, en trouens by ~~almal~~ ^{die hele} ~~volk,~~ ^{volk,} ~~daarbuite,~~ het dit 'n diepe indruk gemaak.

Ons sal dr. Verwoerd veral onthou as die staatsman wat vir ons ons Republiek verkry het. Maar daar is seker maar min van ons wat werklik besef wat dit alles van hom geverg het. Ekself, wat uit 'n oortuigde republikeinsgesinde huis kom en my ook lank vóór ons republiekwording op die kulturele terrein sterk vir die Republiek beywer het, het baie keer met dr. Verwoerd oor die herstel van die republikeinse staatsvorm in Suid-Afrika gepraat. Soos baie ander, het ook ek by hom aangedring dat die Republiek nie lank uitgestel moes word nie.

Dit het my getref hoe kalm en versigtig dr. Verwoerd gebly het. Daar was nooit enige teken dat hy aan emosie of wensdenkery sou toegee nie: herhaaldelik het hy aan my persoonlik die versekering gegee dat hy met hart en siel ten gunste van die Republiek is, en dat hy ook aktief vir die verkryging daarvan sal optree, maar dit kan slegs gebeur wanneer, uit verskillende oogpunte gesien, die tyd daarvoor ryp is. Terselfdertyd het hy gewaarsku teen oorhaastige optrede, wat onverantwoordelik sou wees en 'n goeie saak groot skade kon berokken.

Toe dit vir hom duidelik geword het dat die tyd dáár was, het hy op weloorwoë dog ferme wyse na vore gekom. Hy het weliswaar met sy eie gedagtes geworstel. Die republikeinse ideaal was sterk, en hy was self 'n besliste voorstander daarvan. Maar die kiesers moes hulle uitspreek: as die meerderheid 'n Republiek begeer, sou ons 'n Republiek kry; maar die meerderheid kon ook die Republiek verwerp, en dan sou die bereiking van die ideaal miskien vir altyd verlore wees. Na sorgvuldige en langdurige oorweging het dr. Verwoerd sy besluit geneem, en toe dit geneem was, was dit onherroeplik. Hy het 'n landsweye volkstemming uitgeskryf; hy het duidelike, oortuigde leiding gegee. Maar hy het geen dwang uitgeoefen nie, en elkeen moes vry wees om 'n onbelemmerde keuse te doen. Die stemming is volkome losgemaak van die verskille tussen politieke partye, en elke kieser het die geleentheid gekry om sy begeerte in 'n geslote stembrief uit te spreek.

Besef ons wat dit beteken het? Besef ons wat dit van dr. Verwoerd geverg het? Toe hy kort voor die volkstemming Stellenbosch besoek, het ek openhartig met hom oor die moontlike uitslag gesels. "As ons verloor" - dit was eindelijk sy woorde - "sal dit vir die republikeinse gedagte in Suid-Afrika 'n ontsettende slag wees. Maar ons moet hard werk, dan is ons kans goed. In elk geval, ek is bereid om met hierdie stap my hele politieke toekoms op die spel te plaas, en ek weet ook dat ek dit nou doen."

Só het dr. Verwoerd oor die Republiek gevoel. Ek onthou hom as die man van die groot beslissing, die man wat geweet het wat die implikasies kan wees - vir ons land en vir homself - maar wat die geeskrag gehad het om die beslissing te neem, en om daarmee deur te gaan.

Die volkstemming het gewys dat sy oordeel suiwer was, en dat sy dinamiese leiding vertrouwe ingeboesem het. Maar toe het ander groot vrae na vore gekom, ó.a. wat sou ons verhouding tot die Britse Statebond wees? In Libertas in Pretoria het ek hom gevra of dit enige nut kan hê dat ons langer in die Statebond bly. Ek het beklemtoon dat ons konstitusionele geskiedenis bewys dat die Britse Kroon nog altyd 'n faktor van verdeeldheid in Suid-Afrika was; en ek het die vrees uitgespreek dat ons lidmaatskap van die Statebond ons onnodiglik meer en meer in die probleme en stryd van Statebondslande, ó.a. 'n groeiende aantal onrype nie-blanke state, sal insleep.

Dr. Verwoerd het saamgestem met veel van wat ek gesê het, dog hy het my met 'n glimlag en vonkeling in die oog geantwoord, waarin ek ook 'n tikkie teregwysing aangevoel het: "Jy is te haastig; laat ons nou maar eers kyk of ons, as 'n Republiek met selfrespek, vir hulle aanneemlik sal wees". Later, na sy historiese samesprekings in Londen, het ek beter verstaan wat hy met selfrespek bedoel het. Toe die S.A.U.K. my destyds nader om, soos ander, oor die radio 'n mening te gee in verband met die feit dat dr. Verwoerd besluit het om sy aansoek, nl. dat Suid-Afrika lid bly van die Statebond, terug te trek, het ek gesê dat dit op die duur vir ons waarskynlik beter sal wees om buite die Statebond te staan. Ek het dr. Verwoerd kort daarna weer gesien; hy het geweet van my uitlating, maar hy het my nie weer tereggewys nie!

Dit is uit al sulke ondervindinge en gesprekke dat daar 'n beeld van 'n man in 'n mens se gedagtes voortleef. Ek kon nog baie ander dinge noem: dr. Verwoerd se goeie ^{humor;} sîn vir ~~haar~~; sy innige hartlikheid; en sy meelewing met ons jongmense, in hulle sport en in hulle studie. Ek kon noem hoe hy kinderlik opgewonde geraak het wanneer die Ikeys en die Maties mekaar op die rugbyveld pak, en hoe hy, by geleentheid van 'n amptelike her-opening van die Universiteit op Stellenbosch, die studente daarop gewys het dat geleerdheid iets is wat niemand van hulle kan wegneem nie. Maar vir my bly hy bowenal die man van die reuse-intellek, die man van beheersing en omsigtigheid, die man wat die moed van sy oortuiging gehad het en wat opgewasse was vir die groot oomblik.

Die jong Hendrik Verwoerd, wat ons as student voor die monstervergadering van 1924 sien optree het, het dieselfde gebly. Hy het wel ryper van gees geword, sy persoonlikheid het ontwikkel, die prinsipiële riglyne van sy lewe

het vaster vorm aangeneem, en hy het met verloop van jare 'n ruime en diepe mensekennis opgedoen, maar in wese het hy steeds dieselfde gebly, dwarsdeur sy lewe tot by die veragtelike sluipmoord op die noodlotsware dag, 6 September 1966. S6 het ons hom geken; en s6 sal ons hom onthou. Sy dood het ons armer agtergelaat, maar ons herinnering aan hom sal vir ons 'n ryke bron van besieling bly.

* * * * *